

Skriflesing: Spreuke 30:1-16

Teks: **Spreuke 30:15-16**

Sing- Ps. 18:6,7; Ps. 10:1,7; Ps. 19:2; Ps. 48:3

Gee, gee... broeder en suster, ons leef in 'n tyd wat hierdie twee woorde sterk staan. Almal wil net nog meer hê! Niemand is regtig tevrede nie! Elke nou en dan dan hoor ons maar weer van die regering wil dit hê, die publiek wil dat hê, die een het te veel, daardie één het te min.

Agur, die seun van Jake wat hier praat sê aan die begin dat hy moeg is. Nie moeg gewerk nie, maar die lewe en die vrae van die lewe maak hom moeg. Sy moegheid bevat 'n domheid. Die dinge van 'n mens maak hom nie net moeg nie, maar dom, hy voel dom, dommer as 'n mens is hy- *ek is te dom om mens te wees...*

Geliefdes tussen moegheid en domheid lê daar ook spanning, die een wat ook die ander toeroep, die een wat die ander aanhelp. Wie al moeër word, word al dommer, want as ek nie regtig my moegheid verstaan nie, dan raak my domheid my oor. Is dit nie maar baie keer die oorsaak van die geestelike insink, die depressie waaroor ds. Mulder verlede week by Thomas gewys het, hy wat die merke aan Jesus wou wys, vóór hy sal glo, dit terwyl 'n mens se eie lewe só vol merke is, depressie wat maar die laagwatermerk van die menslike gees is. Die mens wat wonder oor balans?!

Agur het gevoel balans kan daar wees, moet daar wees, aardse, materiële balans, laat ek nie te arm wees nie, dan kan ek steel, laat ek nie te ryk wees nie, dan is ek oorversadig, dan wil ek my gewig op almal sit en ek dink ek kan sonder die Here klaarkom. Die oorversadigde wat maak asof die Here nie nodig is nie... hy wat dan die Here verloën, hy wat vra-*Wie is die Here?* Die arme wat aan die ander kant dief kan word, die dief wat hom nie net aan ander se goed vergryp nie, maar so 'n vergrype aan eiendom is eintlik 'n vergrype aan God, die God aan Wie alles behoort...! *Laat my geniet die brood wat vir my bestem is...* Agur soek balans, maar die balans het ook ander dele...

Die volle balans wat Agur na soek kon hy nie vind nie. Hy praat van die bloedsuier se twee dogters! Hulle dra al twee dieselfde naam- Gee. Gee. Die twee dogters is aan die uiterste kante van die lewe. Die een roep uit die slaapkamer, die geboorte skoot, die uterus, die baarmoeder, die ander "bloedkind", bloedsuier se kind is waar die bloed ophou vloei, maar daar is ook nie versadiging nie. Die graf is 'n groot op slukker! As 'n bloedsuier is dit daar aan die aardkors vasgesuig, die grond waaruit ons geneem is, daar waar die mens na

terugkeer, daar drink sy ons bloed. In wese is die bloedsuier in haar natuur dieselfde, die dogters dieselfde, 'n onversadigbare monster wie se begeertes mateloos onversadigbaar bly, by die skoot van 'n vrou, by die opening van 'n graf is hulle ingebed en ingelê.

Die graf wat lyk of dit toegemaak word, maar môre word daar weer nuwe grafte gegrou. Job het met die graf gepraat- hy sê- *o Aarde, moenie my bloed bedek nie, en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie* (Job 16:18). Al bedek die graf Job se bloed, dit word nie versadig nie. Elke keer, nog weer *gee...gee!* Hoeveel mense sal daar dan nog begrawe moet word... onversadigbaar word die begraafplase se drade wyer gespan...

Die graf is nie die enigste wat so roep na méer nie, die liggaamlike lewe se sirkelgang staan aan sy einde met 'n onversadigbare graf, maar aan die begin van die liggaamlike lewe is daar volgens Agur die vrou wat ma wil wees. Die soeke dat daar lewe moet wees- Hoe het Ragel dit uitgeroep-...*gee vir my kinders of anders sterf ek* (Gen. 30:1). Ragel begewe haar tot die twee uiterstes...Sy stel haarself tussen die uiterstes... of kinders OF die graf. Ironies nie waar nie... ! *gee my kinders ...anders sterf ek...* die graf se onversadigbare, kan alleen vermy word met ... *gee my kinders!* Die bloedsuier in die moederskoot het ook die *gee...gee-* daardie rusteloosheid, daardie begeerte van die gesluite moederskoot wat nie so wil wees nie.

Die grootste wil om te lewe, die lewe om te wil lewe is sterk soos die dood, terwyl die lewe nie sy sterkte kry uit die mag van die dood nie. Die geopende moederskoot het die lewe wil voortbring, dit wil die lewe begroet, dit wil die lewe uitlewe, dit gaan voor die dood uit. Tog die een volg die ander op die voet. Lewe en dood is nie gelyk nie, hulle is nie didimus nie, nie tweelingbroers nie, eers was dit net die lewe. Die sondeval het die dood op die pad van die lewe geplaas. Nou bestry en vervolg die dood die lewe. Nie een van die twee wil toegee nie, nie een van die twee kry genoeg nie, nie een van die twee word versadig nie... Hulle roep mekaar toe- *gee...gee*, hulle bly in mekaar se pad staan- die dood dring tot die uterus deur, die uterus laat haar nie deur die dood se biologie onderkry nie. Vir Agur is die punt tot versadiging net-nie daar nie, hy kan dit nie sien nie... nog minder dit insien.

Iets van die fabriekswese gebeur in die lewe. Bo word die brandstof van die lewe ingestort, om aan te hou brand moet daar bly steenkool inkom, onder val die steenkool soos as uit, dit kom nie tot stilstand nie, die vuur mag nie ophou brand nie, maar broeder en suster, waar staan ons nou?!

Ons staan tussen die twee onversadigbares. Ons as mense het eintlik geen sê nie, al maak ons of ons baas is, baas van die dood, baas van die lewe! Dink maar wéér daaroor?! Is ons werklik baas, baas van wat?! Die einde van watter kant van die bloedsuier se dogters jy ook al wil gaan staan, ons kan die einde nie sien nie. Graf en baarmoeder, gee...gee, die een neem, die een gee, die een ontdek, die ander bedek, die een bou, die ander breek, hulle staan teenoor mekaar, onversadigbare vyande van mekaar, ja Agur sien hulle soos water en vuur teen mekaar.

Water, het die aarde al genoeg water gehad? Nog nooit was die aarde versadig van water nie, dit kom naby maar dan suig dit maar nog weer water op! Die aarde kan nie vir die water sê nou is dit genoeg nie. Vuur wat teenoor die water kom staan. Die hitte van die vuur laat die water verdamp en daar waar die water voor die vuur se hitte wegtrek, dit verdamp, tog val dit weer op die aarde en die water kan op sy beurt die vuur in sy vlamme dood. So bekamp hulle mekaar, so bly hulle stry teen mekaar sonder dat die een werklik die ander kan oorwin.

Geboorte en graf staan teenoor mekaar soos water en vuur. Die een kan vir die ander nie sê, nou is dit genoeg nie, die een kan die ander nie verslaan in wat hulle in hulleself is nie. Die lewe kan die dood nie stilmaak nie en die dood kan die lewe nie in die volgende moederskoot stop nie. Die roltrap van tyd is aan die beweeg, die trappe wat opgaan sal dieselfde trappe moet wees wat weer moet ondergaan om weer na bó te gaan. Dit is 'n ingrype na mekaar. Die skrandere vrou wat van Tekoa kom het dit as volg vir Dawid gesê- *Want ons moet eenmaal sterwe en soos water wees wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan versamel nie; en God neem die lewe nie weg nie, maar Hy koester gedagtes om 'n verstotene nie van Hom af te stoot nie.* (2 Sam 14:14). Op sy beurt het Job die lewe in die verloop van water gestel- *Die waters verdwyn uit die groot waterplas, en die rivier droog uit en lê droog—so lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie.* Die onversadigbare aarde, die altyd vallende bewegende water, graf en geboorte sluit nie mekaar in nie, sluit mekaar nie uit nie, wen mekaar nie, maar die een kan die ander ook nie versadig nie.

Broeder en suster, as dit ons lot moes wees, watter tragiese kringloop wat hom nou eintlik maar dan afloop. Nie die natuur nie (water-vuur), geen menslike ervaring (die graf) of die lewe van die moederskoot kan ons werklik by 'n antwoord bring nie. Dit kan ons nog minder

troos. Terwyl die kringloop aan die gang is, is daar die ander werklikheid wat ons hier alleen kan hoor, dit wat ons alleen vanuit die Here se kerk, deur die Here se Gees kan ontvang. Dit gaan nie om ervaring nie, die ervaring sal nooit tot versadiging kom nie, maar die openbaring gaan die ervaring teë, dit wat God ons laat hoor is soos wat Jesus vir Petrus gesê het- *nie vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.*

Die lewe van die moederskoot maal in die onversadigde, die graf word nie versadig nie, die balans tussen die twee sal moet sterker wees as beide die lewe en die dood. Wat kan sterker wees as die lewe, wat kan sterker wees as die dood, waar beide nie versadig kan word nie. Dit moet 'n derde krag wees, wat hierdie twee kragte tot stilstand moet bring. Een wat tussen die lewe en die graf moet kan staan, wat hulle in ewewig hou, die Een wat die derde Een is, Hy wat 'n Drie-Eenheid is, God Drie-Enig, Hy is die Here van die leërskaar, die alfa en die omega, werklik die begin en die einde. Hy die Middelaar- in die middel- tussen lewe en dood... Hy alleen wat sal kan sê – NOU IS DIT GENOEG! Selfs aan hulle wat nie wil luister nie, sal moet luister. Hy wat tot die water sê- GENOEG. Die vuur nou is dit GENOEG. Aan die graf sê Hy dit is genoeg. Aan die moederskoot kan Hy sê- GENOEG!

Toe die aarde met die sondvloed net water was, toe was daar dié dag wat Noag sou weet God het gesê- GENOEG! Water en vuur sal in Christus nie ewig twis nie, want soos die water die aarde oorspoel het, so sal die dag kom wat die vuur die aarde sal deurbrand, maar dan sal Christus sê – GENOEG. Die stryd tussen die moederskoot en die skoot van die graf sal dan ook op 'n einde wees. Vir beide sal dit wees God het gesê- GENOEG. Terwyl dit graf en moederskoot, water en vuur is wat nou-nog nie genoeg kan kry nie.

En geliefdes besef u die verband tussen moederskoot en graf is reeds in Christus getrek. Die einde is ook reeds in Hom gesluit. Al kan ons dit nie bepaal, ons kan nie sê GENOEG nie! Daar was die skoot van die maagd Maria, wat nie anders is as die moederskoot wat Agur van praat nie, die een wat sê –GEE, gee! God het daardie moederskoot geneem en sonder dat die moederskoot self kon ontvang, het God sy Seun daarin gegee. God het toe reeds gesê – GENOEG, daar sal nou vir my kinders die Verlosser kom. Die moederskoot het die wonder beleef van God se genoeg, die ewige Seun van God, om volkome mens te wees, deur die skoot gegaan en daaruit gegaan, toe is daar soveel wat reeds al wys dat God sê dit is nou genoeg. Nou sal Hy, Christus, Hy wat God is, die skoot uitgaan, moederskote wat nooit versadiging vind nie, maar dieselfde Seun sou sy graf ingaan, grafte ewenwel wat nooit

versadiging vind nie. By die moederskoot was dit Kersfees, by die graf was dit Paasfees. Beide staan in Christus by God wat voed, wat genoegsaam voed, dat dit werklik sou wees, dat ook die graf moes erken- GENOEG. Christus het uit die graf opgestaan!

Kersfees, Paasfees, wat moes word, Pinksterfees. Nou het God genoeg van sy Gees op die aarde uitgestort. Die Heilige Gees is ten volle op die aarde uitgestort. Die Gees van God het oor die hele wêreld uitgegaan. Dit is alleen God wat hierdie dinge ons kan bekendmaak. In God lê ons versadiging, ons eindpunt. Die geboortebed staan onversadig, die drang tot voortplanting stop nie, die grafte wat die wêreld grou word nie versadig nie, maar dit *...wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet* (1 Kor. 2:9). Ons kan deur ons ervaring, deur ons eie natuur nie hierdie dinge verstaan en dit nie stop nie, ons kan die versadiging nie bepaal nie, maar God wat Hom aan ons openbaar, Hy wat ons uitverkies het, hy hoor elke kind van Hom as babatjie gebore, Hy neem elk van sy kinders se sterwenskrete ten gehoor. Die watermassas van die see, die vuur van die eindtyd sal hierdie werk van God nie stop nie!

Vir die wat Hy liefhet, met hulle eie oë met hulle eie ore, staan ons blind en stom wanneer ons die worsteling tussen lewe en dood moet aanskou, maar ons kan weet die dag gaan kom wat God sal sê – DIT IS GENOEG.

AMEN